CLF NUUS

Seisoene van Menswaardigheid-pamfletreeks

In die Suid-Afrikaanse samelewing is daar verskeie individue en sosiale groeperings wat nie menswaardig behandel word nie. As Christene het ons ’n roeping ontvang om uit te reik na hierdie persone met die waardes van liefde, respek, luister en omgee. Daarom het Christelike Lektuurfonds hande gevat met die Seisoen van Menswaardigheid om ’n pamfletreeks te ontwikkel wat gemeentes en individue bemagtig om agente van verandering in hul gemeenskap te wees.

Die reeks bestaan uit die volgende ses pamflettemas:

- Die mens se rol in God se skeppingsverhaal
- Wanneer siekte langer saamstap
- Menswaardigheid vir alle rassegroepe – Rassisme
- Geslagsgelykheid
- Menswaardigheid en gestremdheid
- Armoede en rykdom

Die publikasies kan met vrug benut word deur gelowiges wat op soek is na Bybelse insig oor die onderwerp van menswaardigheid en wil erns maak met die toepas en uitleef daarvan.

Pamflette is in Afrikaans en Engels beskikbaar en kan gratis bestel word deur CLF te skakel by 021 873 6964, of stuur ’n e-pos na order@clf.co.za